



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2023

GRAAD 10

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 1)

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

9 bladsye, 'n formuleblad en 'n 6-bladsy antwoordboek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord alle vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
3. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag blou of swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. 'n FORMULEBLAD is aangeheg aan die einde van die vraestel.
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERPE	PUNTE	TYD
1	AARP konsepte en Ontleding van Transaksies	33	25 minute
2	Staat van Omvattende Inkomste	44	35 minute
3	Notas en Staat van Finansiële posisie	38	32 minute
4	Konsepte en Ontleding en vertolking van Finansiële State	35	28 minute
Totaal		150	120 minute

VRAAG 1: AARP KONSEPTE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

(33 punte: 25 minute)

1.1 AARP KONSEPTE

Pas die beginsel in KOLOM A by die voorbeeld wat dit die beste beskryf in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Besigheidsentiteit	A Grond en geboue word teen die oorspronklike prys van R350 000 in die Balansstaat getoon, ongeag hul markwaarde van R500 000.
1.1.2 Lopende saak	B Korting toegestaan word terselfdertyd geboekstaaf wanneer 'n debiteur sy rekening vereffen.
1.1.3 Historiese koste	C Handelsvoorraad word as R20 000 waardeer al kan dit verkoop word vir R15 000.
1.1.4 Paring	D Handelsvoorraad deur die eienaar geneem word in die finansiële state as onttrekkings getoon.

(4)

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte die ANTWOORDBOEK voorsien. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys.

(29)

Aanvaar die Banksaldo is gunstig vir alle transaksies.

Voorbeeld: Skryfbehoeftes is vir kontant gekoop, R 2 000.

TRANSAKSIES:

- 1.2.1 Koop toerusting op krediet vir R10 000 van Tshwane Meubileerders.
- 1.2.2 'n Debiteur, N Mothusi betaal R4 750 via EFO ter vereffening van haar rekening van R5 000.
- 1.2.3 Verkoop goedere vir kontant, die kosprys was R3 000.
- 1.2.4 Die eienaar het handelsvoorraad vir eie gebruik geneem teen kosprys van R850.
- 1.2.5 Die eienaar van die besigheid het beskadigde goedere, wat 5% afslag op toegestaan is, teruggestuur aan die verskaffer. Die oorspronklike kosprys was R1 800.

VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

(44 punte; 35 minute)

SEBENZA HANDELAARS

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Sebenza Handelaars op 28 Februarie 2023, die laaste dag van die finansiële jaar. Die besigheid gebruik 'n 40% winsopslag op kosprys.

GEVRA:

- 2.1 Stel die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 op. (44)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Proefbalans vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Balansstaatrekeninge	Debiet	Krediet
Kapitaal (1 Maart 2022)		600 000
Onttrekkings	34 000	
Voertuie	280 000	
Opgelope waardevermindering op voertuie (1 Maart 2022)		56 000
Toerusting	130 000	
Opgelope waardevermindering op toerusting (1 Maart 2022)		44 600
Vaste Deposito: Al Raji Bank @ 9% p.j.	24 000	
Handelsvoorraad	44 000	
Debiteurekontrole	42 300	
Bank (gunstig)	4 600	
Verbandlening: SAAB Bank		103 800
Nominale rekeninge		
Verkope		588 000
Koste van verkope	420 000	
Debiteure afslag	6 800	
Huur Inkomste		36 200
Kommissie-inkomste		10 150
Salarisse	43 500	
Versekering	12 500	
Oninbare skuld	4 800	
Skryfbehoeftes	3 320	
Water en elektrisiteit	19 100	
Bankkoste	4 200	
Verpakkingsmateriaal	7 100	
Advertensie	2 300	
Rente op vaste deposito		1 620

B. AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

- (i) Die water en elektrisiteitsrekening vir Februarie 2023 is nog nie betaal nie, R1 830.
- (ii) Voorraad met 'n verkoopprijs van R2 520 is geskenk aan die plaaslike weeshuis. Geen inskrywing is gemaak nie.
- (iii) Volgens 'n fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2023, is die volgende items voorhande:
 - Handelsvoorraad R 41 000
 - Verpakkingsmateriaal R 1 950
- (iv) Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R3 960 in vir die periode 1 September 2022 tot 31 Augustus 2023.
- (v) Huur vir Februarie 2023 is nog nie ontvang nie. Die huur is verhoog met R300 per maand vanaf 1 Julie 2022.
- (vi) R. Adam, 'n debiteur, wat R1 200 aan Sebenza Handelaars skuld, is insolvent verklaar. Sy boedel was instaat om die helfte van die verskuldige bedrag te betaal. Skryf die uitstaande bedrag af.
- (vii) Die leningstaat ontvang van SAAB Bank op 28 Februarie 2023 toon die volgende:

Saldo op 1 Maart 2022	R150 000
Terugbetalings gedurende die jaar (ingesluit rente)	R 46 200
Rente op lening (gekapitaliseer)	?
Saldo op 28 Februarie 2023	R117 300

- (viii) Voorsien vir die uitstaande rente op die vaste deposito. Rente word nie gekapitaliseer nie.
- (ix) Die bankstaat vir Februarie 2023 toon die volgende:
 - EFO fooie – R 170
 - Kredietkaartheffings – R 90
 - Rente op lopende rekening – R 220
- (x) Waardevermindering word soos volg bereken:
 - Op voertuie teen 10% p.j. op kosprys
 - Op toerusting teen 15% p.j. op die verminderde saldo metode

NOTA: Addisionele toerusting met 'n kosprys van R12 400 is aangekoop op 1 Desember 2022. Die transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

VRAAG 3: NOTAS EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (38 punte; 32 minute)

SAVAGE HANDELAARS

Jasper Savage is die eienaar van Savage Handelaars, 'n verskaffer van spysenieringstoerusting. Die besigheid diens ook toerusting teen 'n fooi vir verskeie kliente. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 100% op kosprys.

GEVRA:

- 3.1 Stel die volgende notas tot die Staat van Finansiële Posisie op;
- 3.1.1 Eienaarsekewiteit (6)
- 3.1.2 Handels en ander betaalbares (20)
- 3.2 Voltooi die Ekweïteit en Laste afdeling van die staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 31 Julie 2023. (12)

INLIGTING:

Uittreksel uit die voor-aansuiweringsproefbalans op 31 Julie 2023

Kapitaal	3 000 000
Onttrekkings	200 000
Verbandlening: SWYS Bank (sien aansuiwering (v))	?
Debiteurekontrole	680 000
Krediteurekontrole	530 000
SAID: LBS	51 000
Pensioenfonds	19 000
Mediese fonds	17 000
Oortrokke bank	105 000

ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS NIE GEBOEKSTAAF

- (i) Jasper Savage het 'n verdere R100 000 kontant in die besigheid belê op 30 Junie 2023. Hierdie transaksie is nie geboekstaaf nie.
- (ii) Netto wins vir die jaar beloop R170 000 en is nog nie in die boeke aangeteken nie.
- (iii) Jasper Savage het addisionele handelsware met 'n kosprys van R40 000 vir eie gebruik geneem.

- (iv) 'n Debiteur het drie industriële oonde, met 'n verkoopprijs van R75 000 elk, teruggestuur. Tydens inspeksie het Savage Handelaars bevind dat al drie oonde nie werk nie en het dit aan die verskaffer teruggestuur.
- (v) Bakplate met 'n totale koste van R3 000, is op krediet aangekoop by die verskaffer, maar die inskrywing is geboekstaaf soos aangedui in die onderstaande tabel: Stel die fout reg.

Besonderhede	Debiet	Krediet
Handelsvoorraad	R3 000	
Bank		R3 000

- (vi) Die staat van SWYS Bank ontvang op 31 Julie 2023 is soos volg:

Saldo op 01 Junie 2022	290 000
Terugbetalings ingesluit rente	(80 000)
Rente gehef	30 000
Saldo op 31 Julie 2023	240 000

25% van die uitstaande saldo van die lening sal in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

- (vii) Die staat vir die telefoonrekening is eers 'n paar dae na 31 Julie 2023 ontvang. Die bedrag van R6 000 sal in Augustus 2023 betaal word.
- (viii) Een van die debiteure het R12 000 betaal vir die diens van elektriese stowe. As gevolg van beurtkrag, sal die diens eers in Augustus 2023 gedoen word.
- (ix) Savage Handelaars het 'n nuwe verkoopsassistent aan die begin van Julie 2023 in diens geneem. Die Menslike Hulpbronne (Arbeids) afdeling het nog nie die assistent se inligting verwerk nie en hy is nog nie vir Julie 2023 betaal nie.

Sy salarisbesonderhede is as volg:

Bruto salaris	LBS	Pensioenfonds aftrekking	Mediese fonds aftrekking	Netto Salaris
15 000	2 100	1 500	1 300	?

Werkgewerbydraes is:

Pensioenfonds	R2,00 vir elke R1,00 aftrekking.
Mediese fonds	Op 'n rand tot rand basis.

VRAAG 4: KONSEPTE EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

(35 punte; 28 minute)

4.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die nommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

4.1.1 Vaste deposito wat in die volgende finansiële jaar verval is geboekstaaf onder nie-bedryfslaste.

4.1.2 Die finansiële instelling sal belangstel in die finansiële state van 'n besigheid indien hulle aansoek doen vir 'n lening.

4.1.3 Solvensie is die vermoë van 'n maatskappy om sy langtermyn skuld en finansiële verpligtinge na te kom.

(3)

4.2 ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

Milan Verskaffers word besit deur James Milan. Hy verkoop dames sakke plaaslik. Die finansiële jaar eindig 28 Februarie 2023.

Bereken die finansiële aanwysers soos op 28 Februarie 2023.

4.2.1 Bereken die winsopslagpersentasie.

(3)

4.2.2 Bereken die nettowins op verkope.

(3)

4.2.3 Bereken die bedryfsverhouding.

(3)

4.2.4 Bereken die vuurproefverhouding.

(4)

4.2.5 Bereken die opbrengs op eenaarsekwiteit.

(5)

4.2.6 James Milan is nie gelukkig met die beheer oor uitgawes in die besigheid nie. Haal EEN finansiële aanwyser aan met syfers om sy bekommernis te ondersteun.

(3)

4.2.7 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die besigheid. Haal TWEE finansiële aanwysers aan en voorsien syfers om jou antwoord te ondersteun.

(4)

4.2.8 Milan Verskaffers het 'n winsopslagbeleid van 40% op alle handelware. Die eienaar is bekommerd dat die besigheid nie die winsopslag sal behaal nie. Voorsien TWEE redes waarom die besigheid nie die beoogde winsopslag bereik nie.

(2)

4.2.9 Noem of Milan Verskaffers gelukkig behoort te wees met die % opbrengs op ekwiteit. Gee TWEE redes vir jou antwoord. Haal die finansiële aanwysers en relevante syfers aan.

(5)

b.o.

INLIGTING:**A.**

UITTREKSEL UIT DIE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE		
	2023	2022
Verkope	676 000	600 000
Koste van verkope	520 000	480 000
Bruto wins	156 000	120 000
Bedryfsuitgawes	74 880	54 000
Netto wins	81 120	66 000

B.

UITTREKSEL UIT DIE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE		
	2023	2022
Eienaarsekwiteit	550 000	500 000
Nie-bedryfsbates	680 000	440 000
Bedryfsbates	490 000	570 000
Nie-bedryfslaste	620 000	840 000
Bedryfslaste	220 200	200 200
Voorraad	200 000	261 000
Kontant en kontantekwivalente	165 000	124 000
Handels en ander ontvangbares	125 000	185 000

C.

FINANSIËLE AANWYSERS	2023	2022
% Winsopslag op kosprys	?	25%
% Bedryfsuitgawe op verkope	14.2%	9%
% Netto wins op verkope	?	11%
Bedryfsverhouding	?	2,8 : 1
Vuurproefverhouding	?	1,5: 1
% Opbrengs op gemiddelde ekwiteit	?	12,8%
Rentekoers op vaste deposito	9%	9%
Rentekoers op lening	18%	18%

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERSFORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente): Bedryfslaste		
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsekuiteit}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates: Totale laste	